

Senior Kategese
9 Junie 2019
Handelinge 2: 1 - 21

Agtergrond (Daar):

Vandag kry jy die geleentheid om te gesels oor die Heilige Gees – 'n onderwerp waaroor daar BAIE wanopvattinge en dwaalleer is.

Ons word deur baie ander kerke daarvan beskuldig dat ons nie oor die Heilige Gees wil praat nie en tog vier ons al vir meer as 150 jaar Pinkster-bidure waar ons fokus op die werk van die Heilige Gees!

Let op dat die 'doop' met die Heilige Gees 'n eenmalige gebeurtenis was, maar dat die 'vervulling' met die Heilige Gees iets is wat daagliks moet gebeur.

Die 'spreek in tale' is 'n onderwerp waarmee ons gekonfronteer word wanneer ons met ander gelowiges te doen kry.

Ysbreker (Hier en Nou)

Hoe sal jy die Heilige Gees verduidelik vir iemand wat nog nooit van Hom gehoor het nie?

Hoe belangrik dink jy is die Heilige Gees vir ons as Kerk? Praat ons genoeg oor die Heilige Gees?

Word stil

Lees **Psalm 104:24-33** as 'n gebed.

† Dink hieroor na: Op watter verskillende manier kan jy die Here raaksien rondom jou?

Wat sê die Bybel? (Daar en Dan)

Lees **die fokus teks**. As daar tyd is, kan elkeen dit weer op hulle eie lees.

Toe die dag van die Pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. ²Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. ³Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. ⁴Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen. ⁵Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon. ⁶Toe die mense die geluid hoor, het 'n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie. ⁷Verras en verbaas sê hulle toe: "Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. ⁸Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal? ⁹Perse, Mediërs en Elamiërs, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië, ¹⁰Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome, ¹¹Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere—ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het." ¹²Hulle was almal verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra: "Wat kan dit tog beteken?" ¹³Maar party het gespot en gesê: "Hulle is dronk." ¹⁴Toe staan Petrus saam met die elf ander apostels op en onder leiding van die Heilige Gees spreek hy die mense toe: "Jode en julle almal wat in Jerusalem woon, ek moet vir julle verduidelik wat gebeur het. Luister na wat ek gaan sê: ¹⁵Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar nege-uur in die môre. ¹⁶Nee, hier gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het: ¹⁷Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom. ¹⁸Ja, op my dienaars en my diensvroue sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree. ¹⁹Ek sal tekens bo in die lug en wonders onder op die aarde gee: bloed en vuur en rookwolke. ²⁰Die son sal pikdonker word en die maan bloedrooi voordat die groot en glorieryke dag van die Here kom. ²¹So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

Inligting vir die begeleier:

Laat toe dat Heilige Gees jou verander deur die Bybel gedeelte en ander se insette. Handelinge 2: 1 - 21 is 'n diep stuk wat ons leer hoe vakleerlinge van Jesus leef. Lees elke dag Handelinge 2: 1 - 21 (oorweeg dit om elke dag dié verse in 'n ander vertaling te lees) weer stadig én oordink dan en luister wat sê dit vir jou oor God, oor jouself en oor wat die Gees van jou vra om te doen of selfs ophou om te doen. Laat jou siel vir die res van die dag daarin marineer. Let fyn op watter gedeeltes elke keer met jou praat en wat die rede agter dit is.

Gesels dan hieroor:

- ✦ Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
- ✦ Of enige vrae wat jy nou het.

Hier:

- ✦ Wat is die verskil tussen die 'doop met die Heilige Gees' en 'Vervulling met die Heilige Gees'? (Dit is nie dieselfde ding nie).
- ✦ Is dit die eerste keer dat ons in die Bybel van die Heilige Gees lees? Waar in die Bybel lees ons dan die eerste keer oor die Heilige Gees? Kyk bv. na Genesis 1:2
- ✦ Wat weet jy van die 'Spreek in tale'? Wat is die verskil tussen die 'spreek in tale' van Handeling 2 en 1 Korintiërs 14? Hoekom sou die Gees so 'n gawe – om skielik ander tale te kon praat – vir die dissipels op hierdie dag gegee het?

Hou die emosie-kaart omhoog. Gee paar sekondes van stilte sodat elkeen sy eie emosie kan identifiseer op die emosie-kaart. Nooi hulle uit om in kort sin te verduidelik watter emosie in hulle losgekam het tydens vandag se les.

Nou:

- ✦ Pinksterfees word gesien as die geboortedag van die Kerk. Hoekom dink jy is dit so?
- ✦ Wat is die doel van die 'Gawes van die Heilige Gees'? Wat is die verskil tussen die 'Gawes' en die 'Vrug van die Gees' (Galasiërs 5:22)? Wat dink jy is die belangrikste? Hoekom?
- ✦ Op watter maniere werk die Heilige Gees vandag? Hoe ervaar ons vandag nog die Heilige Gees in ons lewe?
- ✦ Hoe het die Heilige Gees Petrus se lewe verander? Dink aan hoe Petrus opgetree het net voordat Jesus gekruisig is en hoe hy nou optree?

Vra vir die groep aan watter verhoudings in hulle eie lewe hierdie teks hulle herinner het. Gebruik die verhoudings-kaart as hulpmiddel.

Voor:

- ✦ Ons woon in 'n land waar ons ervaar hoe ras en taal ons verdeel en afstand tussen mense skep. Hoe kan die uitstorting van die Heilige Gees ons in Suid-Afrika help?
- ✦ Maak 'n lys van al die dinge wat die Heilige Gees doen!
- ✦ Hoe kan die Heilige Gees jou verander?
- ✦ Iemand het gesê dat 'vervulling met die Heilige Gees' nie beteken dat ek meer van die Heilige Gees moet kry nie, maar dat die Heilige Gees meer van my moet kry. Hoekom stem jy (nie) hiermee saam (nie)?

Gebruik die dromer-kaart en vra vir die groep wat hulle dink God se Gees vir hulle sê oor die verhouding of verhoudings waaraan hulle gedink het.

Verder:

- ✦ Kan jy dink aan 'n deel van jou lewe wat nog nie onder beheer is van die Heilige Gees nie?
- ✦ Weet jy wat jou genadegawe is? Indien nie, probeer uitvind!

Gebruik die verteller-kaart en vra vir elke deelnemer wat hierdie week vir hom of haar voorlê? Wat beplan hulle vir hierdie week?

Gebed:

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis

"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding

"Ek bid vandag vir..."

Danksegging

"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding

"Here, help my om..."